

# Donderdag 16 September

Skrifgedeelte: Filemon:1-3	Fokusgedeelte: Filemon:1
----------------------------	--------------------------

## **Erken mekaar in die liefde van Christus**

Filippense, Efesiërs, Kolossense en Filemon staan bekend as Paulus se gevangenisbriewe omdat hy hierdie briewe geskryf het toe hy onder huisarres in Rome was (vgl. Hand. 28:16, 30-31). Filemon was 'n leier van die gemeente in die stad Kolosse, en Onesimus was 'n slaaf wat aan hom behoort het.

Onesimus het van Filemon af weggeloop (moontlik het hy ook iets by Filemon gesteel - vgl. Fil:18, 19) en by Paulus uitgekom. Paulus het die evangelie aan hom verkondig en Onesimus het 'n gelowige geword. Paulus het toe vir Onesimus teruggestuur na Filemon en hierdie brief geskryf waarin hy Filemon vra om vir Onesimus terug te ontvang – nie net as 'n slaaf nie, maar veral as 'n medegelowige. Hierdie is dus 'n baie mooi brief wat ons leer dat medegelowiges mekaar kan vergewe en mekaar in die liefde van Christus kan ontvang.

Aan die begin van die brief groet Paulus vir Filemon en erken hom as 'n vriend (letterlik: geliefde) en medewerker. Alhoewel hierdie 'n persoonlike brief aan Filemon is, groet Paulus ook vir Affia, Argippus en die gemeente wat gereeld in Filemon se huis bymekaar gekom het. Dit is moontlik dat Affia Filemon se vrou en Argippus hulle seun was wat geweet het van Onesimus se weglopery. Hoe dit ook al sy, in sy groet erken Paulus vir Affia as 'n suster en Argippus as 'n medestryder.

“Christus is die Here in wie se diens julle staan” (Kol. 3:24b). Christus het ons verlos en ons 'n nuwe lewe gegee waarin ons Hom dien. Ons het die voorreg om sy slawe te wees! En daarom moet ons mekaar erken en waardeer as medediensknegte van Christus. Wie gaan jy vandag as mede-diensknegte erken en waardeer? Erken mekaar in die liefde van Christus!

*Sing: Psalm 18-1:1, 12, 14*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*